Christus is die "Vriendelikheid" van God waarmee Hy my kom dien het sodat die Gees 'n vriendelike, sagte aanvoeling van diens aan ander in my kom werk.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Sb. 1-2: 1,2,3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Ps. 21 - 1: 1,2,9
Votum
Seën
Loflied Ps. 95 - 1: 1,4
Geloofsbelydenis: 12 Artikels - almal hardop saam.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Romeine 13: 8 – 14
Sing Ps. 25 - 1: 3,4
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Lukas 6: 27 - 36
Titus 3: 3 - 7.
Teksverse: Galasiërs 5: 22
Sing Ps. 97 - 1: 7 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging;

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing Ps. 81 - 1: 1,12
Nagmaalformulier van Calvyn
Sing Ps. 23 - 1: 3
Bediening van die Sakrament
Sing aan tafel Ps. 146 - 1: 1,5,6
Gebed
Sing Ps. 45 - 2: 1,2,3
Seën
Amenlied Sb. 13-2.

Ons leef in ŉ harde en onvriendelike wêreld as gevolg van die sondeval! ŉ Mens sien ŉ hardheid en onvriendelikheid in die wyse waarop baie mense optree en jy sien daagliks harde en ongenaakbare lewensomstandighede waarin mense hulle bevind. Paulus praat ook oor die hardheid van die lewe in Romeine 8 waar hy sê dat selfs die natuur sug onder die hardheid van die sonde en die impak daarvan op mense! Mense sug onder hierdie hardheid van die lewe en selfs die natuur sug daaronder!

By die senior lidmate se byeenkoms verlede Woensdag noem die sielkundige dat mense in Suid-Afrika alreeds voor Covid-19 as gevolg van ons lewensomstandighede, dieselfde stresvlakke beleef as mense wat in ŉ oorlogsone leef. Te midde van sulke omstandighede neem baie mense ook ŉ harde lewenshouding in! Elkeen vir homself of haarself! Ek kan nie tyd of energie of emosionele las neem om vir iemand anders om te gee nie!

Presies om hierdie rede, geliefde brs en srs, is die Heilige Gees besig om hard te werk in my en jou lewe! Hy wil dat ons die vyfde element van sy vrug in ons lewe vertoon naamlik: vriendelikheid!

En jy kan met reg vra: kan "vriendelikheid" en ŉ paar glimligte regtig ŉ verskil maak aan die harde wêreld waarin ons leef? Die antwoord, geliefdes, lê in die diep betekenis wat God ons vanmore wil leer met die Griekse woord "krystotes" as vrug van die Gees. En nou moet ek so bietjie woordeksegese saam met julle doen sodat ons kan verstaan wat God vir ons wil sê vanmore:

"Krystotes" word met "vriendelikheid" vertaal, maar hierdie betekenis laat nie naastenby reg geskied aan die Godsopenbaring in hierdie woord nie. Seker omdat daar in Afrikaans nie regtig ŉ woord is wat hierdie vrug van die Gees in een term kan beskryf nie. Engelse vertalings gee dit weer as "gentle" en ook as "kindness" en dit kom al nader aan die Griekse betekenis.

Br en sr, "krystotes" dui op ŉ sagte gesindheid van die hart wat ander mense se nood raaksien en sulke mense met ŉ oop uitnodiging aantrek. Dit is vriendelikheid maar ook meer as vriendelikheid! Dit is 'n sagsinnigheid, ŉ saggeaardheid – ŉ sagte aanvoeling vir ander mense!

Hierdie woord dui daarmee saam ook ŉ baie spesifieke ingesteldheid aan om mense in nood te wil help! Om diensbaar te wees. So iemand gee ruimte aan ander mense om in sy of haar persoonlike ruimte in te kom en hulp te kry! Kom ek probeer die betekenis van die woord so formuleer: "krystotes" is ŉ vriendelikheid wat geopenbaar word in ŉ diep gewortelde sagtheid om ander mense met sagtheid te help of te dien!

Nou, br en sr, mag ek jou vra: hoeveel mense ken jy wat "krystotes" is? Wie ken jy met hierdie vrug van die Gees in sy of haar lewe? Ek kon maar aan twee mense dink wat ek ken? Dit is ŉ rare kombinasie nê? Om so ŉ sagte ingesteldheid te hê en dit diensbaar te stel aan mense in nood!

Maar verstaan jy nou hoekom hierdie vrug van die Gees juis die antwoord is op die hardheid en onvriendelikheid en soms wreedheid van die wêreld waarin ons leef? Dat daar juis sulke "krystotes"-mense moet wees wat God se hart in hierdie wêreld kan indra tot redding, troos en bemoediging van moeë en moedelose mense!

Krystotes! Brs en srs, dit is hoe die Here wil hê dat ek en jy moet wees! Dit is die vyfde kenmerk van die Heilige Gees se werk in ons lewe!

Daarom is die boodskap met Nagmaal vanmore: Christus is die "Vriendelikheid" – die "krystotes" - van God waarmee Hy my kom dien het sodat die Gees 'n vriendelike, sagte aanvoeling van diens aan ander in my kom werk.

Ja, geliefde gemeente, ons God is inderdaad ook 'n vriendelike God met in 'n diep gewortelde sagtheid om mense met sagtheid te help en te dien! God is nie net die Almagtige God, Koning en sterk Heerser van die heelal nie! Hy is nie net die Regter wat sonde straf en wat met hardheid en ongenaakbaarheid optree – soos baie mense dink nie! Nee, God is "krystotes"! Dink aan Ps 97 wat ons gesing het oor God se vriendelike aangesig!

Ons het mos gehoor wat skryf Titus oor God in Titus 3: 4 (wys skyfie 1) " Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot; ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat. Maar toe het die goedheid ( die krystotes) van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn. Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee."

Die vriendelike, diep gewortelde sagtheid van God waarmee Hy mense wil help,het verskyn en God het ons kom red! Sy diep innerlike ontferming het ons God en Verlosser geaktiveer om ons te red!

En hoe het God dit gedoen? Deur ons Here Jesus Christus! Hy is die "vriendelikheid" van God wat gekom het om ons te dien! Christus kom wys ons hierdie sagte Vaderhart! Ons sien hierdie "krystotes" so duidelik in Jesus Christus en in sy optrede! Hy is die vergestalting daarvan! Hy is die vriendelikheid wat geopenbaar word in 'n diep gewortelde sagtheid om ander mense met sagtheid te help of te dien! Dit is die wyse waarop die Ou Testament oor Hom geskryf het! Ons lees dit in Jesaja 53: (Wys skyfie 2)

6Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here
het ons almal se sonde op hom laat afkom. 7Hy is mishandel, maar hy het geduldig
gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n
skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie. 8Terwyl hy gely het en gestraf
is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is
uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk."

In Fil. 2: 5 - 11 lees ons van hierdie "lam-gesindheid" waarmee Jesus bereid was om afstand te doen van sy hemelse eer om soos 'n slaaf te word en mense met sy lewe te dien. So gee Hy sy lewe as offer! Ja eerstens as offerlam om vir al ons sondes te betaal! Maar Hy doen dit ook met die gesindheid van 'n lam – sag en vriendelik – daarop gerig om ander te dien en mense te red!

Dit is hierdie “krystotes” / vriendelikheid van Jesus wat ons vandag in die Nagmaal mag ervaar. Ons Here Jesus het juis die Nagmaal ingestel dat sy vriendelikheid ook vandag weer vir ons tot troos kan dien! Dat ons vanmore ons Here Jesus mag ontmoet deur die brood en wyn as ŉ sagte plek van rus en troos en hoop binne in ŉ harde en onvriendelike wêreld.

Hier met die brood en die wyn waarmee Hy ons verseker dat Hy ons met sy “krystotes” kom dien het, sodat ons sagte lafenis vir ons siele kan vind. Vergifnis vir ons sonde en troos vir ons lewe hier op aarde! Dat ons weer hoop kan skep in dit waarmee God ons Vader besig is en dat Hy ons nie alleen in hierdie wêreld gelos het nie! Nee, Hy is met ons en by ons en stap saam met ons deur al die hardheid van die lewe wat ons hier vanweë die sonde ervaar!

Br en sr, hoor weer God se vriendelike, sagte gesindheid wat daarop gerig is om sy kinders te help in Jesus se uitnodiging as Hy vir my en jou ook weer vanmore uitnooi na die tafel met die woorde: [28]“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. [29]Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed.”

Brs en srs, wat ŉ wonderlike sagte en genadige God wat ons so kom help! Om in hierdie harde en ongenaakbare wêreld waar ons worstel en spook en spartel, rus by God te vind! Die sekerheid van vergifnis, die sekerheid van versorging en die belofte van herstelde krag om ons lewens voort te sit.

Ja, die Nagmaal as geestelike ete is ook bedoel om vir ons nuwe krag te gee! Wanneer mens eet kry jy krag! So voed die Here ons siele met die vriendelikheid van Jesus! Die Heilige Gees gebruik die Nagmaal om sy vrug in ons lewe te werk. Dat ons ook “krystotes” mag wees soos Christus en God ons Vader!

In die Griekse wêreld van die Nuwe Testament was “krystos” ŉ gewilde naam wat slawe-eienaars hulle slawe gegee het. “Krystos”, die “vriendelike” slaaf met die sagte gesindheid om mense met sagtheid te dien! Christus was die beste voorbeeld van so ŉ “krystos” slaaf!

Maar nou moet ons ook soos ons Meester word! Ons moet hierdie vrug van die Gees in ons lewe dra! Ons dra mos ons Here se Naam! Christus moet ook in ons lewe ‘krystos” word met die sagte gesindheid van harte waarmee ons in ons lewe ruimte maak vir mense om met sagtheid gehelp te word! So wil ons Vader ons gebruik tot lafenis, troos en hoop vir mense wat geknel word deur ŉ harde en onvriendelike wêreld!

Dat mense in ons – soos in Jesus – hierdie vrug van die Gees kan sien en soos mense na Jesus aangetrek was deur sy “krystotes” , mense ook aangetrek sal word na ons en ons onsself vir hulle oopstel met sagte vriendelikheid en hulle met sagtheid help!

Mag ons gemeente bekend staan as ŉ “krystotes”-gemeente waar mense skuiling kan vind in ŉ harde en ongenaakbare wêreld en saam met ons kan deel aan die vriendelikheid van God en hoe Hy ons in ons Here Jesus Christus kom red en help!

Br en sr, het jy ook vanmore vriendelike sagtheid in jou lewe nodig? Het jy ook sagte hande nodig wat jou kan vashou, troos en bemoedig? Kom, kom eet en drink en ervaar die sagtheid van ’n vriendelike God wat jou sondes vergewe! Kom ervaar die sagte omgee van ons Verlosser wat jou troos en van die Heilige Gees wat jou innerlik versterk sodat jy sy vrug kan dra – dat jy ’n goeie “krystos”-slaaf kan wees!

Staan dan ook van hierdie tafel op en gaan dra die vrug van die Gees se “krystotes” in jou lewe tot eer van God en tot voordeel van die mense rondom jou.

Amen